[9]

ba430392

FOR IMMEDITATE RELEASE

**PRESS RELEASE ISSUED BY THE HONOURABLE MR JUSTICE R J GOLDSTONE, CHAIRMAN OF THE COMMISSION OF INQUIRY REGARDING THE PREVENTION OF PUBLIC VIOLENCE AND INTIMIDATION**

1. The Commission has received a report that earlier this afternoon a public statement was released by the IFP leadership in the Transvaal. It alleges that it has received information from "underground ANC structures" concerning a "terror campaign" about to be launched by the ANC/SACP alliance against IFP leaders, members and supporters and in particular residents of Inkatha supporting hostels.

2. In the statement details of the alleged plan are furnished. It is alleged that it is being "engineered by MK commanders from a house in Mapetla, Soweto. The address of the house is known to us."

3. None of the alleged information has been furnished to the Commission. As far as I have been able to establish, it has also not been furnished to the South African Police.

4. The IFP statement contains other very serious allegations concerning the "terror campaign" which I consider not to be in the public interest to repeat.

5. In view of the seriousness of the allegations the Commission will meet urgently on Friday, 27 March 1992, in order to attempt

to establish the source or sources of the allegations. The leader or leaders of the IFP in the Transvaal will be required to furnish such information to the Commission. This meeting of the Commission will be held at the Sinodale Centre, 228 Visagie Street, Pretoria at 11:00.

6. In the meantime I would appeal to the public and in particular members of the IFP not to act on what are at this time unsubstantiated allegations.

7. I would also appeal to the press not to make public further details of the allegations pending the meeting of the Commission.

**CAPE TOWN**

**24 MARCH 1992**

jw2436

EMBARGO: ONMIDDELLIK

**PERSVERKLARING UITGEREIK DEUR SY EDELE REGTER R J GOLDSTONE, VOORSITTER VAN DIE KOMMISSIE VAN ONDERSOEK INSAKE DIE VOORKOMING VAN OPENBARE GEWELD EN INTIMIDASIE**

1. Die Kommissie het berig ontvang dat die IVP-leierskap vroeër vanmiddag 'n openbare verklaring in die Transvaal uitgereik het. Dit word beweer dat inligting ontvang is vanaf "ondergrondse ANC-strukture" betreffende 'n "terreurveldtog" wat op die punt staan om deur die ANC/SAKP-alliansie teen IVP-leiers, -lede en -ondersteuners en in die besonder teen inwoners van hostelle wat Inkatha ondersteun geloods te word.

2. Gedetailleerde besonderhede van die beweerde plan word verskaf. Dit word beweer dat die aksie deur MK-bevelvoerders vanuit 'n huis in Mapetla, Soweto beplan word asook dat die adres van die huis aan hul bekend is.

3. Die Kommissie is nie van enige van die beweerde inligting voorsien nie. Sover ek kon vasstel, is die Suid-Afrikaanse Polisie ook nie daarvan voorsien nie.

4. Die IVP-verklaring bevat ander besonder ernstige bewerings betreffende die "terreurveldtog" wat, na my oordeel, nie in die openbare belang is om te herhaal nie.

5. In die lig van die erns van die bewerings sal die Kommissie dringend op Vrydag, 27 Maart 1992 vergader ten einde te poog om die oorsprong van die bewerings vas te stel. Die leier of leiers van die IVP in Transvaal sal versoek word om sulke inligting aan die Kommissie te verskaf. Hierdie vergadering van die Kommissie sal om 11:00 by die Sinodale Sentrum, Visagiestraat 228, Pretoria gehou word.

6. In die tussentyd doen ek 'n beroep op die publiek en in die besonder lede van die IVP om nie enige stappe te doen op grond van wat in hierdie stadium ongestaafde bewerings is nie.

7. Ek doen ook 'n beroep op die pers om, hangende die Kommissie se vergadering, nie verdere besonderhede van die bewerings bekend te maak nie.

**KAAPSTAD**

**24 MAART 1992**